


Werksperrmitte – verstaan die omvang van die werk

Junie 2018



Fotos uit US Chemical Safety Board Video - <http://www.csb.gov/videos/hazards-of-nitrogen-asphyxiation/>

Instandhoudingswerkers van 'n kontrakteur het voorberei om 'n pyp aan die bokant van 'n drukvat by 'n raffinadery te installeer. (1,2) 'n Werksperrmit (3) is uitgereik vir die taak, en die verwagting was dat dit nie nodig sou wees om in die drukvat in te gaan nie. (Confined space). Die taak was om om slegs 'n pyp seksie te installeer. Volgens die werksperrmit was stikstof inerting gemerk as "NA" – "Nie van toepassing nie". (4) In werklikheid was die drukvat reeds gespoel met stikstof.

Werkers het opgemerk dat daar 'n rol met kleefband in die drukvat gelos is.(5) en wou dit uithaal voordat hulle die pyp installeer. (6) Hulle pogings om dit met 'n lang draad te haak het nie gewerk nie. 'n Werker het vooroor geleun om beter by te kom. Hy is oorval met stikstof en gebrek aan suurstof naby die drukvat se opening en het bewusteloos in die drukvat in geval. Dis ook moontlik dat hy in die drukvat geklim het om die kleefband op te tel en toe oorval is. Om die tragedie nog erger te maak, het 'n medewerker ingeklim om sy maat te help. Hy is ook deur stikstof oorval. Albei werkers is dood weens versmoring – gebrek aan suurstof.

Die insident is voorheen bespreek in ander Beacons: Junie 2012 handel oor die gevare van stikstof versmoring, April 2015 oor die belangrikheid van werksperrmit prosedures. Maar daar is ook 'n ander les te leer – die belangrikheid om te begryp wanneer daar 'n verandering in omvang van die taak onder die werksperrmit is. Die verandering in omvang mag nuwe gevare veroorsaak waarvoor die werksperrmit nie voorsiening maak nie.

Het jy geweet?

- Die werksperrmit het nie die werksmense gewaarsku dat daar stikstof in die drukvat was nie.
- Die oomblik toe die werkers besluit het om die rol met kleefband uit te haal, het die omvang van die werk verander. Die oorspronklike permit het nie voorsiening gemaak om iets uit die drukvat uit te haal nie. Werkers moes vir 'n nuwe werksperrmit gevra het om die rol met kleefband te verwyder. Waarskynlik sou die gevaar van stikstof dan raakgesien word.
- In die geval, was 'n permit vir toegang na 'n ingeslote ruimte (Confined space) nodig. Selfs al moes die persoon net in die drukvat se mangat inleun om die kleefband by te kom. As enige liggaamsdeel, soos 'n arm, in die mangat moet ingaan, is 'n werksperrmit vir ingeslote ruimte nodig. Dit is die standpunt van OSHA in die VSA.

Wat kan jy doen?

- As jy 'n werksperrmit uitreik, maak seker:
 - Gevare word geïdentifiseer en aan die werksmense verduidelik.
 - Die vereiste voorsorg en veiligheidsmaatreëls is gespesifiseer en word verstaan.
 - Persoonlike beskermende toerusting is beskikbaar en word gebruik.
 - Die mense wat die werk doen verstaan die omvang van die werk, en ook die noodsaaklikheid om die werk te stop **en jou te kontak voordat hulle iets doen wat nie in die oorspronklike omvang van die werk is nie.**
- As jy werk aan 'n taak waarvoor n werksperrmit nodig is:
 - Verstaan die gevare, voorsorg en veiligheidsmaatreëls, en persoonlike beskermende toerusting.
 - Verstaan die omvang van die werk.
 - Soos wat jy die werk doen, maak seker in elke stap dat jy enige verandering in die omvang van die werk raaksien. **Stop die werk en bespreek die verandering in omvang met die persoon wat die werksperrmit uitgereik het, voordat jy die veranderde omvang doen.**
 - As jy nie seker is of die werk se omvang verander het nie, wag eers en bespreek dit met die persoon wat die werksperrmit uitgereik het.

Sien raak as daar 'n verandering is in die omvang van die werk